Rekeningkunde Graad 9: Opdrag 6

Datum uit: 16 Julie 2020 Datum in: 23 Julie 2020 (wanneer jy klas toe kom)

Naam:)_____ Klas:_____

Samantha CD Winkel dryf handel in die koop en verkoop van CDs. Daar word van jou verwag om die volgende te doen vir Oktober 20..:

Boekstaaf die transaksies in die verskillende joernale. Sluit die rekeninge aan die einde van die maand af. ✓ Klaar gedoen!
Boek die verskillende joernale oor na die Algemene Grootboek. Balanseer die rekeninge.
Boek die joernale oor na die krediteure groorboek. Stel 'n krediteurelys op.

Nota:

- Toon alle folio- en dokumentnommers.
- Hernommer facture vanaf 210.
- Gebruik die volgende kodes in die krediteure grootboek:
  01 = kredietaankope
  02 = betalings
  05 = terugsendings

Sommige saldo's in die Algemene grootboek op 1 Oktober 20..

Toerusting	R76 400
Handelsvoorraad	R112 300
Krediteurekontrole	R ?
Skryfbehoeftes	R2 480
Verpakkingsmateriaal	R3 200
Salarisse	R80 000
Lone	R12 400
Telefoon	R24 300
Water en elektrisiteit	R36 400

Krediteurelys op 1 Oktober 20..:

Tshukudu Records	R21 400
Select Music Ltd.	R14 600
Quipco Ltd.	R?
Jansen Verspreiders	R 6 800
	R47 200

Transaksies: Oktober 20..

2 Ontvang 'n rekeningstaat vanaf Quipco Ltd. Reik tjek 610 uit ter vereffening van ons rekening.
4 Koop goedere op skuld vanaf Tshukudu Records vir R8 400 min 20% handelskorting.
5 Betaal Telkom met tjek 611 vir die telefoonrekening, R2 160.
6 Reik debietnota 68 uit aan Tshukudu Records vir beskadigde goedere teruggestuur, R400, min 20% handelskorting.
8 Wissel kontanttjek 612 vir lone, R2 100.
9 Reik tjek 613 uit aan Tshukudu Records vir R15 000 ter gedeeltelike betaling van ons rekening.
11 Koop die volgende vanaf Jansen Verspreiders en ontvang hul faktuur vir:
Liaseerkabinette, R12 600
Verpakkingsmateriaal, R640.
12 Ontvang die water en elektrisiteitsrekening vanaf die stadsraad. Betaa met tjek 614 vir R3 900.
14 Reik debietnota 69 aan Jansen Verspreiders vir foutiewe verpakkingsmateriaal teruggestuur, R140.
15 Reik tjek 615 uit aan Select Music Ltd. om die bedrag verskuldig op 1 Oktober 20.. te betaal.
18 Koop goedere vanaf Tshukudu Records op skuld vir R2 600 min 10% handelskorting.
20 Wissel kontanttjek 616 vir lone, R1 400.
22 Koop skryfbehoeftes vanaf Quipco Ltd. op skuld vir R2 600.
24 Reik debietnota 70 uit aan Quipco Ltd. om 5% handelskorting wat weggelaat is in berekening te bring vir skryfbehoeftes wat op 22 Oktober gekoop is.
26 Betaal met tjek 617 aan SA Music vir handelsware gekoop, R3 000 min 15% handelskorting.
28 Betaal met tjek 618 die sekretaresse (M. Louw) se salaries vir die maand, R6 400.

Kredietuurjoernaal van Samantha CD Winkel – Oktober 20..

Dok.	Dag	Krediteure	Fol.	Krediteure kontrole	Handels-voorraad	Skryfbehoeftes	Diverse rekeninge Fol.	Diverse rekeninge Besonderhede	Diverse rekeninge Bedrag
IOF	4	Tshukudu	K1	6 720	6720			Toerusting	12 600
OF	11	Jansen Verspr.	K4	13 246				Verpakkingsm.	640
OF	18	Tshukudu	K1	2340	2340				
OF	22	Quipco	K3	2600		2600			
				24 900	9 060	2600			13 240

10.1 Krediteure Afslag Joernaal van Samantha CD Winkel – Oktober 20..

Dok.	Dag	Krediteure	Fol.	Krediteure kontrole	Handels-voorraad	Skryfbehoeftes	Diverse rekeninge Fol.	Diverse rekeninge Besonderhede	Diverse rekeninge Bedrag
68 DN	6	Tshukudu	K1	320	320			Verpakkingsm.	140
69 DN	14	Jansen	K4	140		130			
TO DN	24	Quipco	K3	130		130			140
				590	320				

Kontantbetalingsjoernaal van Samantha CD Winkel - Oktober 20..

Dok.	Dag	Naam van begunstigde	Fol.	Bank	Handels-voorraad	Lone	Krediteure kontrole	Diverse rekeninge		
								Bedrag	Fol.	Besonderhede
610 TT	2	Quipco Ltd	K3	4400			4400			
611 TT	5	Telkom		2160				2160		Telefoon
612 TT	8	Kontant		2100		2100				
613 TT	9	Tshukudu	K1	15000			15000			
614 TT	12	Stadsraad		3900				3900		Water + elek
615 TT	15	Select Music	K2	14600			14600			
616 TT	20	Kontant		1400		1400				
617 TT	26	SA Music		2550	2550					
618 TT	28	M Louw		6400				6400		Salarisse
				52510	2550	3500	34000	12460		

Algemene Grootboek van Samantha CD Winkel

Dt	+ Toerusting (B) −	B4	Kt

Dt	+ Handelsvoorraad (B) −	B5	Kt

Dt	− Krediteurekontrole (L) +	B6	Kt

Dt	(U) − Skryfbehoeftes (E) +	N6	Kt

Dt	(U) − Verpakkingsmateriaal (E) +	N7	Kt

Dt		Salarisse				N8		Kt

Dt		Lone				N9		Kt

Dt		Telefoon				N10		Kt

Dt		Water en elektrisiteit				N11		Kt

Krediteuregrootboek van Samantha CD Winkel

− L + =

Datum	Kode	Besonderhede	Fol.	Debiet	Krediet	Saldo
		Tshukudu Records				K1
		Select Music Ltd.				K2

Quipco Bpk.							K3
Jansen Verspreiders							**K4**

Krediteurelys

Krediteure	Fol.	Krediet